*Kantoor van die Staatspresident*
*State President's Office*

*Kabinetsekretariaat*
*Cabinet Secretariat*

**NOTULE**
**MINUTES**

**VERGADERING VAN DIE AG-WERKGROEP**
**OP 22 AUGUSTUS 1986,**
**KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL, WINDHOEK**

**Teenwoordig**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr L A Pienaar | - | Administrateur-generaal (Voorsitter) |
| Genl-maj J P B van Loggerenberg | - | SA Weermag en Voorsitter, WES-GBS |
| Genl-maj G L Meiring | - | Verteenwoordiger van RSA Weermag in SWA |
| Genl-maj A Potgieter | - | Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad |
| Brig H Olivier | - | SAP (Veiligheid) gesekondeer aan SWA |
| Kol A W T Cook | - | SA Weermag |
| Kol R P G Kotzenberg | - | SA Weermag (Militêre Inligting) |

Kopie Nr. / Copy No. 12 van / of 14 kopieë / copies

AG-Werkgroep — 22 Augustus 1986

| | | |
|---|---|---|
| Mnr A Pelser | - | Kantoor van die Administrateur-generaal |
| Mnr L Conradie | - | Departement van Buitelandse Sake |
| Mnr M A Barnard | - | Nasionale Intelligensiediens |

Verskonings

| | | |
|---|---|---|
| Dr J P Roux | - | Kantoor van die Staatspresident |
| Mnr D Auret | - | Departement van Buitelandse Sake |

Sekretariaat

| | | |
|---|---|---|
| Mnr J Weilbach | - | Kantoor van die Staatspresident |

1. Goedkeuring van notule van 29 April 1986

Die vergadering keur die notule goed.

2. Sake voortspruitend uit die notule

2.1 Paragraaf 2 (i), bladsy 2: Die Staatspresident se aankondiging en dr Jonas Savimbi

Die Administrateur-generaal deel die vergadering mee dat die aangeleentheid betrekking het op die Staatspresident se verklaring van 4 Maart 1986 ten

opsigte van gebeure rondom 1 Augustus 1986 met betrekking tot SWA. Die aangeleentheid word as afgehandel beskou.

2.2 **Paragraaf 2 (ii), bladsy 3: Strategie rondom 1 Augustus 1986**

Die Administrateur-generaal deel die vergadering mee dat die Werkgroep die opstel van die strategie afgehandel het.

2.3 **Paragraaf 2 (iii), bladsy 3: Lewensketse van alternatiewe Wambo-leiers**

Brig Olivier deel die vergadering mee dat hy tydens die volgende vergadering 'n lys van name in dié verband sal voorlê.

2.4 **Paragraaf 4 (i) en (ii), bladsy 4: Politieke situasie in SWA: Provinsialisering**

2.4.1 Die Administrateur-generaal deel die vergadering mee dat -

(i) die Gekose Komitee van Nasionale Eenheid van die Nasionale Vergadering, wat ook ondersoek ingestel het na die kwessie van die vervanging van Proklamasie AG8, nou sy werksaamhede gestaak het;

(ii) al die gesprekke oor kern politieke beginsels wat tussen die verskillende partye uitgemaak moet word, nou op Kabinetsvlak plaasvind;

(iii) daar egter nog steeds 'n gebrek aan eenheid binne die Kabinet is; en

(iv) die ORNE nie besig is om sy aansien te verstewig nie, maar eerder besig is om dit te verloor as gevolg van interne struwelinge.

2.5 **Paragraaf 5, bladsy 5: Koördinering van aksies en optredes met politieke implikasies: Riglyne vir 'n Owambo-strategie teen die agtergrond van die RSA se oogmerke in SWA**

(i) **Paragraaf 5.3.1 (ii) en (iii): Benutting van tydperk voor repatriasie, veral deur die ORNE: Sigbaarheid van die Kabinet**

Die Administrateur-generaal deel die vergadering mee dat daar nog maar min bereik is met betrekking tot die beter "sigbaarheid" van die Kabinet. Betreffende die oorname van sekere dienste van die Owambo-administrasie, was daar onder andere

die ondersoek na die oorname van gesondheidsdienste, maar dat daar bevind is dat dié dienste nie oorgeneem moet word nie. Daar is steeds staande uitnodigings deur die SWA-gebiedsmag en SWAPOL aan die Kabinet om behulpsaam te wees om Kabinetslede se "sigbaarheid" in Owambo aan te help.

(ii) **Paragraaf 5.3.2, (iii): Verskerpte militêre optrede teen SWAPO om sy beeld as 'n sterk militêre mag verder te knak: SWAPO-gesinde onderwysers**

Die vergadering neem kennis dat daar wel 'n beweging van mnr Peter Kalangula se kant af is om iets aan die saak te doen.

(iii) **Paragraaf 5.3.3 (iii): Verskerping van kritiek teen SWAPO as anti-kapitalistiese instelling: Deregulering**

Die Administrateur-generaal deel die vergadering mee dat hy die aangeleentheid by die Voorsitter van die Kabinet ingevoer het, maar nog geen terugvoering ontvang het nie.

(iv) Paragraaf 5.3.4, bladsy 9: Verskerping van kritiek teen SWAPO se verbreking van menseregtebeginsels

(a) Die vergadering neem kennis dat die Direktoraat: Veiligheidsbestuur in SWA die totale spektrum met betrekking tot "nie-skietaksies" ten opsigte van SWAPO hanteer.

(b) Die vergadering besluit dat aangesien dit noodsaaklik ter wille van koördinering is dat die Kantoor van die Administrateur-generaal en die Departement van Buitelandse Sake op 'n diskrete wyse insette in dié verband lewer en terugvoering ontvang, die Administrateur-generaal sal besin oor 'n wyse waarop hierdie doel bereik kan word.

(v) Die vergadering neem kennis dat die inhoud van die dokument (riglyne vir 'n Owambo-strategie) tot en met paragraaf 25

reeds op 24 Maart 1986 volledig deur die Werkgroep bespreek is (paragraaf 4.2, bladsy 13 van die notule). Die Departement van Buitelandse Sake moet egter nog kommentaar lewer ten opsigte van paragrawe 11.1 tot 11.6, 12.2 en 15.9. Na aanleiding van paragraaf 4.4, bladsy 14 van die notule van 24 Maart 1986, is paragrawe 15.1 tot 15.6 van die dokument verder op 29 April 1986 bespreek en die vergadering bespreek vervolgens paragrawe 15.7 tot 15.13.

(a) **Paragraaf 15.7: Versterking van die beeld van alliansies, partye en leiers deur hul aansluiting by nasionale groeperinge aan te moedig**

Genl-maj Meiring deel die vergadering mee dat daar sedertdien toenadering van mnr Kalangula was en dat hy met hom, sowel as met mnr Neef, samesprekings gevoer het. Verdere samesprekings sal waarskynlik weer binnekort plaasvind. Dit wil dus voorkom of daar 'n mate van buigsaamheid by mnr Kalangula is.

(b) **Paragraaf 15.8: Aktiewe uitbouing van Etango as 'n anti-SWAPO-groep**

Die **vergadering gaan akkoord** dat die benadering, soos uiteengesit in paragraaf 44 van die dokument, gevolg word.

(c) **Paragraaf 15.9:** Die **vergadering besluit** om die paragraaf soos volg te herformuleer: "Besinning oor die positiewe gebruik van gedemobiliseerde Weermagseenhede."

(d) Die **vergadering gaan akkoord** met paragrawe 15.9 (saam gelees met paragrawe 26 tot 29) tot 15.13, asook met paragrawe 26 tot 50.

3. Voorligting oor die militêre situasie in Angola en SWA

(i) Genl-maj **Meiring lig** die vergadering in dié verband **voor.**

(ii) Hy skets onder andere die posisie van UNITA by Cuito Cuanavale en Menongue. Angolese regeringsoldate het nou ook beweerdelik vir die eerste keer van chemiese wapens gebruik gemaak.

(iii) Dit blyk dat SWAPO vanjaar oor die algemeen minder effektief met sy aanslag in Owambo was.

(iv) Die Veiligheidsmagte veg in dié stadium nie meer teen SWAPO nie, maar wel teen PLAN, terroriste, Sam Nujoma en die marxistiese intimideerders. Daar behoort 'n duidelike onderskeid tussen SWAPO en PLAN getref te word .

(v) Daar behoort ondersoek ingestel te word na metodes om SWAPO te skaak ter bereiking van RSA-doelwitte in SWA.

(vi) Daar is 'n geweldige toename in die vloei van inligting van die Wambo's na die Veiligheidsmagte.

4. Verkiesing(s) in Suidwes-Afrika

4.1 Die Administrateur-generaal lê 'n dokument in dié verband voor vir bespreking. Hy beklemtoon dat die inhoud van die dokument sensitief is aangesien

die kwessie van moontlike verkiesings in SWA baie delikaat is, veral in die lig van die internasionale belang daarvan. Dit moet dus nie eers na buite bekend wees dat die Werkgroep aandag aan die saak gee nie, want indien dit nie korrek aangebied word nie, kan verkeerde vertolkings daarvan ontstaan. As en wanneer die RSA-regering besluit dat ('n) verkiesing(s) in SWA gehou moet word, moet die bemarking van die aangeleentheid behoorlik hanteer word.

4.2 Die vergadering bespreek die inhoud van die dokument breedvoerig en die dokument, soos aangepas, is aangeheg as Bylae A.

4.3 Die vergadering kom voorlopig tot die volgende gevolgtrekkings:

(i) Die hou van 'n verkiesing is nodig ten einde te bepaal wie die werklike leiers en wat die relatiewe sterkte van die verskillende politieke partye in SWA is.

(ii) 'n Verkiesing van 'n Nasionale Vergadering (NV) kan egter nie plaasvind alvorens daar 'n nuwe Konstitusie beskikbaar is nie.

(iii) 'n Nuwe Konstitusie behoort saamgestel te word deur 'n Konstitusionele Raad (KR) wat groter verteenwoordiging van die verskillende partye geniet.

(iv) As alternatief tot 'n meer verteenwoordigende KR, is 'n verkose KR of Konstitusionele Konferensie, wat ook die leiersfigure na vore sal bring en die geleentheid vir die hergroepering van partye sal skep om 'n deurslaggewende politieke rol te speel.

(v) Dit blyk nie in die huidige opset moontlik te wees vir verkiesings vir tweedevlak-owerhede nie, aangesien die partye reeds besluit het dat hierdie owerhede moet verdwyn. Indien 'n hofbeslissing egter die geldigheid van dié owerhede sou bevestig, mag daar 'n nuwe dimensie wees waarna weer gekyk sal moet word, veral in die lig daarvan DAT dié owerhede se lewensduur in ieder geval teen die einde van 1986 verstryk.

(vi) Welke verkiesing ookal oorweeg word, kan slegs plaasvind op 'n tydstip wat dit die draaglikste internasionale reperkussies sal veroorsaak - 'n aangeleentheid waaroor die RSA-regering sal moet besluit.

4.4 Die aangeleentheid sal tydens die volgende vergadering verder oorweeg word.

5. WES-GBS

Genl-maj Van Loggerenberg deel die vergadering mee dat aangesien die werksaamhede van die WES-GBS en dié van hierdie Werkgroep tot 'n groot mate dieselfde veld dek, daar tans besin word oor die voortbestaan van die WES-GBS.

6. Veiligheidstrategie ten opsigte van SWA

6.1 Die vergadering besluit om 'n Veiligheidstrategie ten opsigte van SWA op veral militêre-, juridiese- en sosio/maatskaplike gebied, tydens die Werkgroep se volgende vergadering te bespreek.

6.2 Brig Olivier sal 'n dokument vir bespreking in dié verband voorberei.

7. SWAPO

Na aanleiding van 'n bespreking oor die moontlike "kaping" van die leiersfigure en/of strukture van SWAPO, besluit die vergadering dat mnr Barnard 'n dokument oor die strukture en leiersfigure van SWAPO sal voorberei vir bespreking tydens die volgende vergadering.

8. **Volgende vergadering**

Die volgende vergadering vind op 3 Oktober 1986 om 09h00 in Kamer 55, Uniegebou (Wesvleuel), Pretoria plaas.

KABINETSDIENSTE
4 SEPTEMBER 1986